higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 4

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1


1.1 Onwaar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2


2.1

2.1.1



(8)

2.1.2



(8)

Toekenning van punte: 2.1.1

Korrektheid	3
Beheervoeg	2
Benoeming	2
Baksteenwerk	1
TOTAAL	8

Toekenning van punte: 2.1.2

Korrektheid	3
Beheervoeg	2
Benoeming	2
Baksteenwerk	1
TOTAAL	8

2.2 2.2.1 'n Muur kan gepleister word 28 dae nadat die bouwerk daaraan klaar is. (1)

2.2.2 'n Muur moet eers hard word voordat dit gepleister kan word. (2)

2.3 2.3.1 Bindklip
2.3.2 Substraat
2.3.3 Vooraf deurweek of deurdrenk
2.3.4 Bekisting
2.3.5 Tandborsel
(5 × 1) (5)

2.4
- As die substraat te droog is, moet dit vooraf deurdrenk word.
- Die beste manier is om dit met water in die vorm van 'n fyn mis te besproei.
- As die waterdruk te hoog is, kan die dagha tussen die steenlae losgespuit word.
- Maak seker dat die hele oppervlakte van die substraat egalig natgesproei word.
- Hou aan met natsproei totdat die substraat nie meer water absorbeer nie. (5)

2.5 Afwykings van minder as 10 mm sal nie veroorsaak dat die pleisterlaag minder goed vaskleef of swakker is nie. (1)
[30]

VRAAG 3

3.1 Beton word bestryk om:
- Klippies onder die oppervlak in te lê
- Effense bulte en riwwe glad te stryk en klein holtes op te vul sodat die oppervlak mooi glad is
- Merke na afkanting en voegstryking te verwyder
- Die oppervlak daarvan te verdig (4)

3.2
- BRE-afvlaktoets
- Kubustoets
- Sagtetiktoets
- Voetafdruktoets (4)

3.3 Die uitgangshoogte of terreinhoogte is die vaste hoogte van die bouperseel of bouprojek. (2)

3.4
- 'n Tussenlaag of flodderlaag is 'n ryk mengsel van sand, sement en water.
- Dit vorm 'n verbandlaag tussen die basisblad en die afstryklaag of vlaklaag. (2)

3.5
- Dit lê die growwe aggregate (klip) in die oppervlak in.
- Dit maak dat 'n oppervlak glad genoeg is vir troffelwerk.
- Dit verdig die oppervlak vir byvoorbeeld verfwerk of teëlwerk. (3)

Kopiereg voorbehou

3.6
- Sit 'n 3 m lange reihout op twee steeneenhede van presies dieselfde grootte neer.
- Neem dan 'n tweede reihout van dieselfde lengte.
- Sit die een punt van die tweede reihout langs die eerste reihout neer.
- Die ander punt van die tweede reihout moet vryelik op en af kan beweeg.
- Plaas 'n waterpas op die vrye punt van die tweede reihout en lig die reihout op (of laat sak die reihout) totdat dit waterpas is.
- Meet die afstand tussen die bokant van die eerste reihout en dié van die tweede reihout.
- Meet dit by die punt waar die waterpas is.
- As die meting aanvaarbaar is, herhaal en kontroleer 'n meter vanaf die plek waar jy die vlak eerste gekontroleer het.
- Herhaal totdat jy seker is dat die hele oppervlakte waterpas is,
- of dat die afwykings nie groter is as wat in die kontrak gespesifiseer word nie. (10)

3.7
- Laat 'n lagie water op die oppervlak van 'n platblok vorm. Dit word poelvorming genoem.
- Spuit onophoudelik water op die oppervlak
- en sprei nat sand of sakmateriaal oor die beton. (3)

3.8
- Aan die rand van 'n voglaag
- Langs 'n kolom
- Waar die substraat in seksies neergelê is (Enige 2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Rubberklophamer: teëls word hiermee stewig in die kleefmiddel vasgeklop.

4.1.2 Slaglyn: reguit en akkurate lyne word hiermee vir teëls afgemerk. √

4.1.3 Teëlvyl: die skerp rande van gesnyde teëls word hiermee ronder gemaak

4.1.4 Voegbrystryker: voegbry word hiermee aangewend en glad gestryk.

4.1.5 Teëlspasieerders: hulle sorg dat teëls die korrekte afstand van mekaar gelê word, en dat die openinge tussen teëls reguit lyne vorm. (5 × 2) (10)

4.2 Dit is om te keer dat teëlkleefmiddel of voegbry in die afvalstelsel beland. (2)

4.3
- Visuele inspeksie✓ is die belangrikste manier om pleisterwerk na te gaan - Bloot deur na pleisterwerk te kyk, kan 'n mens maklik krake, skietblasies, deurskynplekke of enige ander defekte raaksien.✓
- Deur op pleisterwerk te tik,✓ kan 'n mens hoor as dit los of vogtig is.✓
- As mens op pleisterwerk druk✓ en dit is veerkragtig, is dit 'n teken van onthegting.✓
- Tik met 'n stomp voorwerp op die pleister✓ 'n Hol klank is 'n teken van 'n defek in die pleisterwerk. ✓ (4 × 2) (8)

4.4 Verwyder organiese groei, soos spore, met 'n swamdoder. 'n Huishoudelike bleikmiddel sal ewe doeltreffend wees. (2)

4.5 4.5.1
- Deurdrenk die substraat met 'n drenk- en bindmiddel sodra dit behoorlik voorberei is.
- Wend 'n 2 mm dik laag daarvan met 'n bouerborsel aan.

4.5.2 Gee die laag 24 uur om droog te word voordat teëls gelê word. (2 × 2) (4)

4.6
- Omdat die oppervlak van glas glad is,✓ kry 'n teëlkleefmiddel geen vatplek om te bind nie.✓
- Gewone teëlkleefmiddels bind nie met 'n gladde oppervlak nie.✓✓ (4)

[30]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou